

HOOFTSTUK V.

SAMEVATTING.

Volgens die resultate van die proewe, soos in hierdie proefskrif meegedeel is, blyk vernaamlik:

1. Dat caviae aktief oorgevoelig gemaak kan word met gramineeënpollens volgens die Dale metode.

2. Dat die positiewe reaksies van die gramineeënpollen-ekstrakte *spesifiek* is, deurdat desensibilisasie van die uterus-hoorns in vitro optree, soos die ervaring met uteruspiere, in vitro, wat vir ander proteïene oorgevoelig gemaak was, geleer het.

3. Dat daar *soortspesiwiteit* vir gramineeënpollens bestaan, wat betref die verwek van oorgevoeligheid by caviae; dog verder volgens die proewe waarskynlik 'n verwantskap tussen *Dactylis* en *Lolium* aangeneem moet word.

4. Dat 'n alimentêre oorgevoeligheid by caviae bestaan, omdat:

a) Hooieters sonder inspuitings positiewe reaksies vertoon op willekeurige graspollenekstrakte, terwyl by reekse op grasvry en gramineeënvry voer, dit nie die geval is nie.

b) deur parenterale en tewens enterale toediening van die werksame stowwe, die aantal spesifiek positiewe reaksies van uteruspiere, in vitro, baie hoër word.

c) deur voeding op één grassoort, vir die bepaalde gras-soort positiewe reaksies optree.

5. Dat in Roggepollenekstrakte, behalwe spesifiek werkende stowwe, 'n baie aktiewe stof aanwesig is, wat nie in

graspollenekstrakte aantoonbaar is nie, en biologies enige reaksies, eweas enkele eienskappe met Histamine, ooreenkomstig het, soos:

a) prompte reaksies van uterushoorns van caviae en katte en ook van die derms van caviae; herhaalde kere agtermekaar moontlik met afneming van die kontraksie grote.

b) dieselfde latente periodes van uterushoorns van caviae en katte in vergelyking met spesifieke oorgevoeligheidsreaksies.

c) dieselfde huidreaksies ¹⁾ by gesonde persone, in teenstelling met ander pollenekstrakte.

d) passeerbaarheid van „cellophaanultrafilter”.

e) resistent teen verwarming op 100° C.

f) resistent teen vertering met HCl-pepsine en „trypsine”.

g) gemaklike uitwasbaarheid.

h) potensiaalwerking van die gif.

6. Dat die aantal ongeskikte proefdiere, selfs van caviae oor 300 g. in gewig, tot 'n minimum beperk kan word, deur in die gevalle waar die spiere onrustig is te ververs met kalkloos Ringer, totdat die uterushoorns rustig word en dan toevoeging van 0,06 CaCl₂ per liter. Hierdie wyse van kalmering van die uterushoorns het seker nie 'n nadelige invloed op die spesifieke reaksies nie.

Röntgenbestraling van die ovaria en ovariëtomie is ook geskikte metodes hiervoor.

¹⁾ Natuurlik is hiervoor nog meerdere proewe nodig om nader te identifiseer.